



Artikel van Desember 25, 2011

sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde gebod van sterflinge is. MattithJaHûW (Mattith) 15:9

Want terwyl julle die Gebod van Elohim nalaat, hou julle aan die oorlewering van die sterflinge vas: die wassery van kanne en bekery, en ander dergelyke dinge van dieselfde aard doen julle baie.

En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die Gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou. Markus 7:8-9

JirmeJaHûW (JirmiJaH) 10:1-16

Waarskuwing teen die maak van Kersbome.

Luister na die Woord wat JaHWeH oor julle gesprek het, o huis van JisraEl!

2 So sê JaHWeH: Maak julle nie gewoon aan die weg van die nasies nie, en skrik nie vir die tekens van die Hemele, omdat die nasies daarvoor skrik nie.

3 Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl.

4 Hulle versier hom met silwer en goud, hulle maak hom vas met spykers en hamers, dat hy nie waggel nie.

5 Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeie by hulle nie.

6 Geeneen is soos U nie, o JaHWeH! U is groot, en U Naam is groot in Krag.

7 Wie sou U nie vrees nie, o Koning van die nasies? Want U kom dit toe; want onder al die wyse manne van die nasies en in hulle hele koninkryk is geeneen soos U nie.

8 Hulle is soos een wat vernietigend en dwaas [handel], 'n boom met leringe van leegheid.

9 Silwer wat plat geslaan is, word uit Tarsis gebring en goud uit Ufas, die werk van die ambagsman en van die hande van die goudsmid; koningsblou en purperrooi is hulle klere; 'n werk van kunstenaars is hulle almal.

10 Maar JaHWeH is die Elohim van Waarheid, Hy is die lewende Elohim en 'n ewige Koning; vir Sy Toorn beef die Aarde, en die nasies kan Sy Grimmigheid nie verdra nie -

11 so moet julle vir hulle sê: Die godin wat die Hemele en die Aarde nie gemaak het nie, sal vergaan van die Aarde af en onder hierdie Hemele uit -

12 HY wat die Aarde gemaak het deur SY Krag, wat die wêreld gegrond het deur SY Wysheid en die Hemele uitgespan het deur SY Verstand.

13 As HY SY Stem laat hoor, is daar 'n geruis van waters in die Hemele; en Hy laat Vorste ontstaan van die Einde van die Aarde; Hy maak bliksems vir die reën en laat Gees uitgaan uit Sy wapenkamers.

14 Elke adamiet word dom, sonder Kennis; elke goudsmid staan beskaamd deur die gesnede beeld; want sy gegote beeld is 'n leuen, en daar is geen gees in hulle nie.

15 Hulle is nietigheid, skepsels vir spotterny; in die tyd van hulle straf verdwyn hulle.

16 Jakob se deel is nie soos hulle nie; want Hy is die Formeerder van alles, en JisraEl is die Septer van Sy erfenis; JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam.